

WEEK 25 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

1. ALGEMEEN:

SKITTERVROU SE NASIONALE VROUEKONFERENSIE VIR 2017:

Hierdie Nasionale Vrouekonferensie wat op **8 en 9 September 2017** in die Kopanong-Sentrum (voorheen Kovsiekerk), te Bloemfontein, gaan plaasvind, belooft om 'n geestelike hoogtepunt vir elke vrou te wees. **Dr Jannie le Roux**, die gasspreker, se tema vir die geleentheid is, **DIE WONDER-WERK VAN VREUGDE!** Gedurende dié Konferensie gaan vroue wat tydens die Tsunami in Phuket met wittebrood was getuig, asook vroue wat reeds vir baie jare 'n stryd met kanker voer... **Vroue, moet asseblief nie hierdie besondere geleentheid spesiaal vir julle, misloop nie, bespreek deur [hier](#) te klik.** **Onthou ook:** Verblyf is beskikbaar teen R190/persoon by Oranje Meisieskool. Stuur asseblief vroegtydig 'n e-pos vir Beneli by elizabethleroux@gmail.com



DIE #CONNECT-KAMP VIR HOËRSKOOL TIENERS:



Dit is 'n kamp vir tieners van graad 7-12 en bied aan hulle die geleentheid om weer met God, ander gelowige tieners en hulself te kom "connect". Dit is 'n plek waar ons kinders hulself kan uitleef en baie pret kan verwag saam met 'n goeie dosis geestelike groei. Die kamp het plek vir 120 kinders en **inskrywings sluit 20 September 2017** - klik [hier](#) vir die **inskrywingsvorm**. **Gemeentes moet spring om hul kinders in te skryf en die betalings te doen.**

Aanbieders by die kamp is di Wollie Grobler, Tano Bongers, Morné Bruwer, Braam Smit en prop Cecilna Grobler. Sy is ook die nasionale

koördineerder en as daar enige navrae is, is julle meer as welkom om haar te kontak op 084 583 2925, 051 401 3478 (k/u 08:00-16:00), of 'n faks te stuur na 086 608 5372, of per e-pos na connecttienerkamp@gmail.com

KOM KAMP BY FLORADALE HAVEN: Is jy lus om jou volgende vergadering of kamp, in 'n rustige omgewing deur te bring, kyk dan na Floradale Haven wat onder beheer van die Bediening: Vennote in Getuienis, staan:

missie@ngkvs.co.za'."/>

2. GEMEENTENUUS:

NG LANGENHOVENPARK - SELGROEP 20:



Damesoggend
met
Susan Coetzer
Aangebied deur Selgroep 20
ten bate van liefdadigheid
07.10.2017
Saterdag 10:00

Plek: Kerksaal, Gereformeerde Kerk BFN-suid
Wildeals straat, oorkant JF Hoërskool

Kaartjies: R120 pp (tee en verversings ingesluit)
Beskikbaar by Crazy Daisy Fleurdal Mall en Prellerplein,
Dream Nails Beauty h/v Dan Pienaarylaan & Klercklaan

Toolbox vir die lewe

Navrae:
076 5130 430
Ander vermaak.
Moenie uitmis nie!
Boeke van Susan sal te koop wees.
Gelukkige trekkings, bring jou kaartjie saam.

REGSTELLING: Let wel dat die selgroep by NG Langenhovenpark is en nie van NG Fichardt kruin, soos verlede week aangedui is nie - jammer vir die ongerief.

NG VERKEERDEVLEI:



NG Kerk, Verkeerdevelei bied aan
STEVE HOFMEYR
11 OKTOBER 2017 | 18:30 VIR 19:00
PROTEASAAL, BLOEM SKOUGRONDE
KAARTJIES: R160 PER PERSOON

Kaartjies beskikbaar by:
iTickets.co.za
Vir meer inligting, kontak:
Rita Bornman: 083 242 9242
Corelene Meiring: 082 459 4748

ETES & KOELDRANKE SAL TE KOOP WEES.

